Ds. PJ Kriel Doop Iwan Becker 05.02.2024

Inhoud Hierdie preek wys dat die doop van ons en ons kinders wys dat die Here ons 'n hartoorplanting gegee het deur die hart wat afgode aanbid te vervang het met 'n hart wat God en sy wet liefhet. Ons innerlike besnydenis is dat ons ingeënt is in Christus en so die nuwe hart van God se verbond ontvang volgens Esegiël 36: 24 - . Die moderne christelikheid glo nie in die besnydenis van Christus nie, maar in selfverminking. Hulle vermink hulself deur hulle eie ek dood te reken, hul hart vir God te gee en ironies dan te glo hulle is deel van God se lewe – met hul selfverminking kry hulle weer die hart wat afgodsdiens beoefen. So probeer hulle ons kinders se nuwe harte vervang met die ou hart van aflosdiens. .

Skriflesing Deuteronomium 30: 5.6; Jeremia 9: 25; Esegiël 36: 24 -28; romeine 2: 27 -29; Kolossense 2: 11 – 14.

Teks Kolossense 2: 11: "In hom is julle ook besny, nie met die besnydenis met mensehande nie, maar met die besnydenis van Christus.

Tema Ons en ons kinders het die besnydenis van Christus

1. Is die doop 'n teken dat ons ou hart werk of dat ons met 'n hartoorplanting 'n nuwe hart gekry het?

In die Woord van die Here word twee soorte menslike harte openbaar: die mens se ou hart wat ingesteld is om belewenisse van God se goddelikheid te wil ervaar. Dit is wat afgodsdiens is: om as mens in jouself God se goddelike krag, mag, wil, persoon en lewe as jou eie te wil ervaar. Dit is die ou hart van die mens. Die nuwe hart van die mens is 'n hart, onskuldig, wat ingesteld is om God volgens sy wet lief te wil hê, met jou menslike gevoel, verstand, siel en al jou kragte. Die woord van God noem die eerste hart die onbesnede hart en die tweede die besnede hart. Al twee hierdie harte is die innerlike van die mens.

Die onderskeid in die Bybel wat gemaak word tussen 'n uiterlike en innerlike besnydenis is nie eers 'n teenstelling wat met die koms van Christus bekend geword het nie. Dit is 'n algemene wanopvatting dat Israel net die uiterlike besnydenis van seuntjies se voorhuide geken het en dat Christus vir die eerste keer die innerlike besnydenis van die hart gebring het.

Die onderskeid word reeds in die boek Deuteronomium openbaar en deur die boek Deuteronomium is die onderskeid deel van die profete: "Die Here jou God sal jou hart besny, en die hart van jou nageslag, sodat jy die Here jou God met hart en siel sal liefhê sodat jy kan leef." (30:6)

Die uitdrukking. " jy en jou nageslag" is die verbondsformule in die Bybel. Dit beteken dat die besnydenis van gelowiges en hul kinders se harte deel is van die verbond van God met Abraham – van die begin af. (Gen. 12) Dit is deur hierdie genadedaad van God om ons en ons kinders se harte te besny dat God ons weer aan die bedoeling van sy wet verbind: "Luister Israel, Die Here is ons God, die Here alleen. Jy moet die Here jou God met hart en siel liefhê en met al jou krag." (Deut.6: 4,5) In sy verbondsgenade gee God ons weer die besnede hart wat Hom kan en wil

liefhê. Sonder ‘n besnede hart sal  ons net God se krag en mag wil beleef as ons eie, nie Hom wil liefhê volgens sy wet nie.

2. Die onderskeid wat Paulus in Kol.2 maak van besnydenis met mensehande en die besnydenis wat ‘n nuwe hart gee om God te dien is dieselfde onderskeid wat Jeremia maak. Hy wys dat al die volke in die Nabye Ooste die besnydenis beoefen maar nie besnede harte het nie en dat Israel net soos hierdie volke ook besny maar sonder besnede harte is. (Jer.9:25) Die Israeliete wou nie in God se genadeverbond leef nie. Hulle het nes die ander volke wat afgode aanbid geglo hulle harte is goed genoeg en met hierdie harte wat kamstig goed genoeg is, het hulle ook afgode aanbid nes die ander volke.

In Esegiël 36: 24 -28 kry ons die volledige beskrywing van hoe God harte besny. God sny die ou hart van klip uit en sny die nuwe hart van vlees in. Dit is, God verwyder die hart wat gerig is op afgode en onreinheid en vervang dit met ‘n hart wat in God se liefde, sy Gees, ingesteld is om God volgens sy gebooie te wil liefhê. Die besnydenis deur God is ‘n hartoorplanting. God vervang die ou hart wat nie werk om God lief te hê volgens sy gebooie en nie in God se liefde wil leef nie, met ‘n nuwe hart. ‘n Hart wat in God se liefde leef en God volgens sy wet liefhet.

Daar is ‘n direkte verband tussen God se hartoorplanting en die teken van die doop in Esegiël 36: “Ek sal rein water oor julle sprinkel, en julle sal rein wees. Van al julle onreinhede en van al julle afgodsbeelde sal Ek julle reinig Ek sal julle ‘n nuwe hart gee, ‘n nuwe gees sal Ek in julle binneste gee. (25,26) Die doop in Esegiël 36 is die Messiaanse teken – die teken dat die seun van Dawid hulle koning en herder sal wees en hulle God se volk met ‘n nuwe hart sal wees. (Eseg. 37: 24,25)

Die doop is hier in die Ou Testament al die teken dat God hulle harte besny deur die koms en werk van die Messias.

Wat is die probleem van die uiterlike besnydenis aan die liggaam teenoor die innerlike besnydenis van God in sy verbond? Die Jode het van hul uiterlike besnydenis die teken gemaak dat hulle harte reg is en hulle nie die hartoorplanting van God in sy verbond nodig het nie. Hulle het geglo met hul ou harte kan hulle God reg dien. Dit wys Paulus ook uit in Rom. 2: 25 – 29. Die uiterlike besnydenis kan nooit ‘n teken wees dat jy met jou ou hart buite God se genadeverbond God reg kan liefhê nie. Mense se ou harte is harte wat een met God se mag en krag wil wees, nie in God se liefde Hom volgens sy wet wil liefhê nie.

3. Hoe besny God ons so dat Hy ons ‘n hartoorplanting gee, die ou hart uithaal en ‘n nuwe hart insit?

Paulus stel dit so: “In Hom is julle ook besny, nie met die besnydenis deur mensehande nie, maar deur die besnydenis van Christus.” (Kol. 2: 12) God sny ons sondige hart wat met God wil identifiseer uit deur ons in te sluit in wie Jesus Christus as mens in die hemel is. Hierdie vereniging met Christus is die besnydenis van Christus. Paulus beskryf dit so: in ons vereniging met Christus se begrafnis word ons ou hart uitgesny en in ons vereniging met Christus se opstanding as mens uit die dood, gee God ons ‘n nuwe hart. Deur dat ons sonde-straf en oordeel vir altyd in Christus begrawe is, en nooit weer teen ons sal tel nie, breek God ons neiging om

met God te wil identifiseer en soos Hy wil wees. Deur ons in te sluit in die heiligheid en regverdigheid wat Jesus as mens na sy opstanding vandag as mens is, skep God in ons 'n hart wat God so wil liefhê met ons hele hart, siel, verstand en al ons krag.

Hierdie hartoorplanting is deel van God se vergifnis van ons sonde. Paulus stel dat God ons lewend gemaak het met 'n nuwe hart, deur ons oortredings te vergewe. (Kol.2: 13) God se vergifnis is om ons skuld aan die kruis vas te gespyker het en ons 'n hartoorplanting te gegee het – om as onskuldige kinders Hom lief te hê. Vergifnis en hartoorplanting is in Christus nie twee verskillende sake so asof die Here jou skuld vergewe maar jy dan nog steeds met 'n ou hart moet rondloop nie. Volgens die verbondsbeloftes van Esegiël 36: 24 – 28 is dit een saak. Daarom is die Messiaanse teken – die doop - ook die teken dat ons ingesluit is in Christus se dood en opstanding vir ons sonde. Dit is die teken van ons besnydenis in Christus, ons hartoorplanting in Christus.

Is ons kinders besny met die besnydenis van Christus? Het hulle 'n hartoorplanting deur God gekry?

Die antwoord is maklik. As hulle ingesluit is in Christus is hulle besny met Christus se besnydenis en as hulle uitgesluit is, is hulle nie besny nie. En die antwoord is dat ons kinders is ingesluit in Jesus Christus. Daarom is hul doop die teken van hul hartoorplanting deur God.

4. God gee aan ons en ons kinders besnede harte: " Die Here jou God sal jou hart besny en die hart van jou nageslag. Sodat jy die Here jou God met hart en siel sal liefhê, sodat jy kan leef." (Deut.30:6) God wat ons en ons kinders 'n nuwe hart gee, is die inhoud van die Abrahamsbelofte. (Eseg. 36: 24 -28.) Die doop van ons kinders is die teken van die hulle hartoperasie.

Die diepste protes binne en buite die NG Kerk teen die doop van ons kinders is hulle oortuiging van God nie ons kinders se harte besny met die besnydenis van Christus nie. Hulle glo God laat ons kinders met hulle ou harte rondloop en sondes doen totdat hulle eendag self besluit om 'n nuwe hart te wil hê. Hulle glo nie in die God se verbondsbelofte sluit die besnydenis van kinderharte in nie.

Nou hoe glo hulle dan moet jou hart besny word?

So! Jy besny jouself as en deurdat jy jouself met Jesus se goddelikheid identifiseer. Daarom besny jy jouself as jy jou sondes bely, jou eie-ek kruisig, jouself en jou lewe vir god dood reken en jouself so niks maak nie vir God. Dit is hoe jy jouself in doopwater moet doop sodat jy hierdeur soos Jesus begrawe word. As jy dan selfloos uit die water opkom sal jy met Jesus se goddelikheid vervul word, soos Jesus kamstig met goddelikheid vervul was toe hy uit die dood uit opgestaan het.

Die werklike verskil met hierdie grootdoop nabootsing van Jesus, gaan nie oor groot of klein doop nie, maar oor wat die ou hart is wat verwyder moet word en wat die nuwe hart is wat jy ontvang. Dit is die werklike saak waarom hulle nie aanvaar dat ons kinders die teken van 'n besnede hart deur God mag dra nie.

Hulle nuwe hart is ‘n hart wat met God se goddelike lewe, mag en krag binne jou identifiseer. Maar dit is juis die ou hart wat God wegsny wanneer Hy harte besny. Vir hulle is die ou hart, die hart wat God volgens sy wet liefhet. Vir hulle is hierdie hart verbind aan God se wet die ou hart. Maar dit is nie. Dit is die nuwe hart wat Christus ons gee in en deur ons vereniging met Hom. Die absurde van hulle doop is dat dit die teken is dat jy nie meer God volgens sy wet liefhet nie, maar god se eie lewe en kraag as jou eie beleef. En omdat kinders dit nie kan doen nie, mag hulle daarom dan volgens hierdie geestelikes nie gedoop word nie.

5. Wat is hierdie self besnydenis wat geestelikes vir ons en ons kinders preek? Dit is niks anders nie as selfverminking nie. Iemand wat homself en sy eie-ek doodmaak, homself niks reken nie en sy eie hart uitsny en wegsny, is besig om homself as mens te vermink. God vermink ons nie mens wees as Hy ons hart besny nie. Hy genees ons van ons eie goddelikheid om weer mens te wees soos God ons bedoel het om mens te wees nie.

Die ergste vorm van verminking van ‘n kind wie se hart God besny het, is om die hart van hierdie kind waarmee hy God liefhet te probeer verwyder en met ‘n hart te probeer vervang wat God se goddelike lewe, krag en mag as jou eie te probeer beleef. Dit is ‘n skending van die nuwe hart wat God aan ons kinders gee.

Die diepste skending van die doop as teken wat God ons kinders gee dat Hy hulle ‘n hartoorplanting gegee het, is om dit ‘n teken te maak van jou selfskending. Hierdie god wat jou jouself laat sny en skend, is die afgode van hierdie wêreld. Dit is nie die Christus van god se verbond wat ons deur sy lyding besny nie.

Ons kinders het ‘n hartoperasie van God ontvang. Hulle ou hart wat goddelik wil wees is vervang met ‘n hart wat God as God wil liefhê volgens sy wet. Hulle is ingesluit in die besnydenis van Christus, nie uitgesluit nie. Ons mag nooit ons kinders self so vermink, hulle leer om hulle self so te vermink of toelaat dat ander hulle so vermink nie – om hulle hart weg te gee, hul self dood en niks te maak vir God nie.

Ons kinders is ingesluit in die besnydenis van Christus. Ons as ouers moet ons kinders so ontvang, so aanvaar en so saam met hulle lewe – God het my kind se hart besny, hy/sy kan God liefhê volgens sy wet.

So kan ek en my kind God saam aanbid.

6. Ons mag nie ons kinders met hulle besnede harte goddeloos groot maak nie. Goddeloosheid is ‘n probleem binne die kerk, nie soseer ‘n bedreiging van buite die kerk nie. Die kerk is weerbaar teen die goddeloosheid van buite die kerk. Die binne-kerklike goddeloosheid gaan oor kinders met besnede harte wat goddeloosheid in hul ouers sien en so saam met hul ouers moet saamleef.

Wat sien ‘n kind in ouers waarmee hulle saam in eredienste aanbid? Hulle sien hul ouers moet ook stilsit, luister en doen wat vir hulle gesê word. Dit is waarskynlik die enigste plek in hulle lewe waar hul ouers só sien.

Wat sien kinders in ouers wat God nie in eredienste aanbid nie? Hulle sien net weer wat hulle die hele tyd in hul ouers raaksien: hulle is groot en hoef na niemand stil te sit en luister, en hulle hoef nie te doen wat vir hulle gesê word nie. Hulle hoef na niks en niemand te luister nie want hulle is groot. Kinders moet stil luister en doen wat vir hulle gesê word want hulle is klein.

Dit kan mos nie anders nie as dit kinders in hierdie aanbiddingloosheid sien dat as hulle net groot kan wees, dan hoef hulle ook nie na enige iemand te luister nie en kan hulle doen wat hulle wil. Ander moet dan na hulle luister.

Die diepste mishandeling van ‘n kind met ‘n besnede hart is ouers wat hulle hanteer as kinders wat nie ‘n besnede hart het nie, nie ‘n nuwe hart het om God te kan aanbid en liefhê nie. So moet hulle wie God hulle gemaak het in hulleself ontken deur ouers wat besluit het hul kinders kan eendag as hulle groot is self besluit of en hoe hulle God wil aanbid. So lewer ouers hul kinders in hul eie goddeloosheid uit om hulle self eendag te moet vermink op soek na wat vir hulle as kinders verlore gemaak is.

Ons glo in ons kinders se hartoorplanting deur God. Hul doop wys ons daarop. Daarom leef ons die wonder om saam met ons kinders God te aanbid. Ons bid in die aande saam tot God, luister saam die Woord van God en eer God saam in eredienste met hulle wie se harte besny is. God besny ons en ons kinders se harte!

So leef ons in die oormoedige dankbaarheid – my kind het ‘n hart by God gekry om Hom volgens sy wet lief te hê. Ek mag dit vir hulle glo en hulle so grootmaak.